

**AGTERGROND INLIGTINGS  
DOKUMENT  
EN  
UITNODIGING OM TE  
REGISTREER EN  
KOMMENTAAR TE LEWER**



49 3<sup>de</sup> Laan, Highlands North, 2192  
Posbus 2363 Highlands North, 2037  
T: 0114401817  
F: 0866079481  
E: mokgope@gmail.com  
Webtuiste: www.mokgope.co.za

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE**

**OMVANGSBEPALINGSFASE**

**VOORGESTELDE AGGENEIS - PAULPUTS 400KV TRANSMISSIE KRAGLYN EN  
OPGRADERING VAN SUBSTASIES, NOORD KAAP PROVINSIE,  
JULIE 2016**

**DOEL VAN HIERDIE DOKUMENT:**

Hierdie dokument verskaf 'n oorsig van die voorgestelde projek, en dui verdermeer aan hoe belanghebbende en geaffekteerde partye betrokke kan raak by die projek, sowel as hoe genoemde partye kan bydra tot die Omgewingsimpakstudie (EIA)-proses.

**INLEIDING**

Mokgope Consulting cc is deur Eskom Holdings SOC Ltd aangestel om 'n Omgewingsimpakstudie (EIA) te onderneem, in die vorm van 'n lineêre

aktiwiteit van die voorgename Aggeneis-Paulputs 400 kV transmissie kraglyn, wat ook die opgradering van die substasies insluit.

**PROJEK BESKRYWING**

Eskom Holdings SOC Ltd beoog tans die konstruksie van 'n 400 kV transmissie kraglyn wat sal strek vanaf die Aggeneis substasie, ongeveer 5 km Suid-Wes van die dorp Aggeneys, na die Paulputs substasie, ongeveer 35 km Noord-Oos van die dorp Pofadder af, geleë binne die Khai-Ma plaaslike munisipaliteit, binne die

jurisdiksie van die Namakwa Distrik Munisipaliteit, In die Noord Kaap provinsie. Die totale lengte van die voorgename transmissie kraglyn sal ongeveer 97 km beloop. 'n Algemene liggingskaart van die studie-area is aangeheg. Beide Aggeneis en Paulputs is bestaande substasies wat tegniese

opgraderings sal benodig ten einde die nuwe transmissie kraglyn te kan akkomodeer.

Gebasseer op die voorgenome groeiende aanvraag na elektrisiteit in die Noord Kaap, mag daar wel 'n risiko ontstaan dat die aanvraag die voorsiening van elektrisiteit sal oorskry. Gevolglik, sou die

Die doel van die nuut voorgestelde Aggeneis-Paulputs 400 kV transmissie kraglyn is om voldoende en betroubare kragtoevoer in die Noord Kaap provinsie te bewerkstellig. Verdermeer sal sie voorgenome transmissie lyn: Huidige en toekomstige moontlike spannings-

Die voorgestelde lineêreaktiwiteit is geleë in die Khai-Ma Munisipaliteit, wat val binne die jurisdiksie van die Namakwa Distrik Munisipaliteit in die Noord Kaap Provinsie. Die voorgestelde transmissie-kraglyn sal verdermeer moontlik deur verskeie plase en/of privaat eiendomme strek, waarvan

gevaar van beurtkrag nie vrygespring kan word nie. Na dese het Eskom die behoefte geïdentifiseer om die bestaande transmissie-sisteem tussen die Aggeneis- en Paulputs substasies te versterk, by wyse van die oprigting van 'n nuwe 400 kV transmissie kraglyn, asook die bykomende opgradering van die bestaande substasies.

ineenstortings verhoed; bydra tot 'n meer buigbare elektriese netwerk; die algemene betroubaarheid van die elektriese sisteme bevoordeel, waaruit elektrisiteitsverbruikers in die area sal voordeel trek; asook volhoubare ekonomiese groei in die betrokke provinsie teweegbring.

die meeste geïdentifiseer is deur middel van 'n akte-soek. 'n Kaart waarop die eiendomme waardeur die voorgestelde alternatiewe gange strek aangedui word, is aangeheg.

## **WETLIKE VEREISTES**

In oorleg met die vereistes van die National Environmental Management Act (NEMA) (Act No 107 of 1998, Ammended 2 August 2010), verlang die aansoeker, Eskom Holdings SOC Ltd, die goedkeuring van die omgewingsowerheid, wat die Nasionale Departement van

Omgewingsake (DEA) is. Die voorgestelde ontwikkeling onderneem aktiwiteite, soos gelys in Lyskennisgewing 1 R983, Lyskennisgewing 2 R984 en Lyskennisgewing 3 R985, en opgesom hierna:

Die nommer van die betrokke kennisgewing:	Aktiwiteits No en betrokke kennisgewing:	Beskrywing van elke gelysde aktiwiteit:
No R 983	12 (xii) (a)(b): of Lyskennisgewing 1 van 2014	<p>(xii) Die ontwikkeling van infrastruktuur of strukture met 'n fisiese voetspoor van 100m<sup>2</sup> of meer: Waar sulke ontwikkeling voorkom:</p> <p>(a) Binne 'n waterloop; en</p> <p>(c) Binne 32m vanaf 'n waterloop, gemeet vanaf die rant van 'n waterloop.</p> <p><b>Die voetspoor-werksarea vir elkeen van die toring strukture wat opgerig gaan word sal die drumpel van 50m<sup>2</sup> oorskry. Sommige van die toring strukture sal opgerig word binne 'n waterloop en binne 32m vanaf 'n waterloop. Die waterlope sal beïnvloed word gedurende die konstruksie-fase van die projek en rehabilitasie sal onderneem word voor die operasionele fase.</b></p>
No R 983	14: of Lyskennisgewing 1 of 2014	<p>Die ontwikkeling of fasiliteite of infrastruktuur, vir stoor, of vir stoor en hantering, van skadelike goedere, waar sulke berging in houers met 'n gekombineerde kapasiteit van 80 kubieke meter of meer, maar waar sulke berging nie 500 kubieke meter sal oorskry nie.</p> <p><b>Olie versamelings-damme sal gebou word om die transformator olies te versamel en te stoor in gevalle van lekkasies by die substasies. Die grootste transformator in 'n substasie kan tot 180m<sup>3</sup> olie inhou. Die oliedamme sal gebou word om 'n kapasiteit van 216m<sup>3</sup> transformator olie te kan hou. Daarom sal die kapasiteit van die olie damme die drumpel van 80m<sup>3</sup> oorskry, maar minder as 500m<sup>3</sup> wees.</b></p>
No R 983	47: van Lyskennisgewing 1 van 2014	<p>Die uitbreiding van fasiliteite of infrastruktuur vir die transmissie en verspreiding van elektrisiteit waar die uitgebreide kapasiteit 275 kiovolts sal oorskry en die ontwikkelings voetspoor sal vergroot.</p> <p><b>Beide Aggeneis en Paulputs substasies sal 'n opgradering van hul kapasiteit ondergaan en voetspoor vergroot om die 400kV transmissie kapasiteit te kan akkomodeer.</b></p>
No R 983	49 (v)(a)(c): van Lyskennisgewing 1 van 2014	<p>Die uitbreiding van:</p> <p>(v) infrastruktuur of strukture waar die fisiese voetspoor uitgebrei met 100m<sup>2</sup> of meer:</p> <p>(a) binne 'n waterloop; en</p> <p>(c) binne 32m vanaf 'n waterloop, gemeet vanaf die rant van 'n waterloop.</p> <p><b>Beide substasies Aggeneis en Paulputs sal uitgebrei word om die voorgestelde kraglyn te akkomodeer. Die uitbreidings voetspoor oorskry die drumpel van 10m<sup>2</sup>, en sal uitgebrei word binne 32m vanaf 'n waterloop.</b></p>
No R 984	9: van Lyskennisgewing	<p>Die ontwikkeling van fasiliteite of infrastruktuur vir die transmissie en verspreiding van elektrisiteit met 'n kapasiteit van 275 kilovolts of meer, buite 'n stedelike gebied of industriële kompleks.</p>

Die nommer van die betrokke kennisgewing:	Aktiwiteits No en betrokke kennisgewing:	Beskrywing van elke gelysde aktiwiteit:
	2 van 2014	<b>Die voorgestelde projek behels die konstruksie van 'n 400 kV transmissie kraglyn vanaf die Aggeneis substasie (ongeveer 5km suidwes van 'n myndorp, Aggeneys) na Paulputs substasie (ongeveer 35 km noordoos vanaf die dorp Pofadder) in die Noord Kaap Provinsie. Die lengte van die kraglyn sal ongeveer 97km beloop, afhangende van die finale roete.</b>
No R 985	14 : van Lyskennisgewing 3 of 2014	<p>Die ontwikkeling van:</p> <p>(xii) infrastruktuur of strukture met 'n fisiese voetspoor van 10 m<sup>2</sup> of meer;</p> <p>Waar sulke ontwikkelings voorkom:</p> <p>(a) binne 'n waterloop;</p> <p>(c) binne 32m<sup>2</sup> vanaf 'n waterloop, gemeet vanaf die rant van die waterloop.</p> <p>(a) In die Noord Kaap:</p> <p>ii. Buite stedelike gebiede, in:</p> <p>(dd) Sensitiewe areas soos bekend gemaak in 'n omgewingsbestuur-raamwerk, soos oorweeg in hoofstuk 5 van die wet en soos opgeneem deur die bekwame owerheid.</p> <p><b>Die voetspoor werks-area vir elkeen van die toring strukture wat opgerig gaan word sal die drumpel van 10m<sup>2</sup> oorskry. Sommige van die toring strukture sal binne 'n waterloop opgerig word en binne 32m vanaf 'n waterloop.</b></p> <p><b>Die voorgestelde kraglyn roetes sal oorvleuel met verskeie nie-standhoudende riviere en dreinerings-lyne. Die waterlope wat beïnvloed gaan wees, sal vasgestel word langs die finaal-verkose roete alvorens die konstruksie fase van die projek betree word.</b></p> <p><b>Die waterlope gaan geïmpakkeer word tydens die konstruksie fase van die projek en rehabilitasie sal onderneem word alvorens die gebruiksfase in aanvang neem.</b></p>

## **DOEL VAN DIE OMGEWINGSIMPAKSTUDIE PROSES**

'n Omgewingsimpakstudie proses word onderneem vir die voorgestelde projek, vir die volgende redes:

- Om die noodsaaklikheid vir die voorgenome projek vas te stel;
  - Om moontlike alternatiewes vir die voorgenome ontwikkeling te ondersoek en om aanbevole alternatiewes aan die Departement van Omgewingsake (DEA) voor te lê;
  - Om die vatbaarheid van die voorgestelde ontwikkeling te ondersoek;
  - Om die moontlike omgewings-impakte wat met die voorgenome ontwikkeling gepaard gaan, te ondersoek.
- Om enige voorsorgmaatreëls te identifiseer om voorgenome impakte te voorkom of te behandel, om die voorgestelde projek meer omgewings-vatbaar te maak;
  - Om vas te stel of genoegsame dienste beskikbaar is vir die ontwikkeling;
  - Identifiseer enige belanghebbende en geaffekteerde partye en voorsien hulle van genoegsame tyd en inligting, sodat kommentaar gelewer kan word (om kwelpunte en/ voorstelle te lewer) rakende die voorgestelde ontwikkeling.
  - Verskaf die Departement van Omgewingsake (DEA) met genoegsame inligting om 'n ingeligde besluit te neem.

## PUBLIEKE DEELNAME PROSES

Die volgende doelwitte is toepaslik:

- Om die belanghebbende- en geaffekteerde partye van die voorgestelde ontwikkeling in kennis te stel.
- Om aan die belanghebbende- en geaffekteerde partye 'n duidelike begrip van die projek en sy nagevolge te verskaf.
- Om die belanghebbende- en geaffekteerde partye te geleentheid te verskaf om te kommentaar op die voorgestelde ontwikkeling.

- Om 'n struktuur te verskaf vir kommunikasie van projek-inligting en enige kommentare wat met die projek verband hou; en
- Om 'n kanaal te bewerkstellig om inligting wat betrekking het tot die projek, te versamel

Die publieke deelname proses mik om die projek in 'n sosiaal-aanvaarbare manier bekend te stel. Alle partye moet voel hulle kan met vrymoedigheid enige en alle kwessies met die Publieke Deelname kontak bespreek.

## GELEENTHEID OM DEELNAME

Belanghebbende- en Geaffekteerde Partye word uitgenooi om **skriftelike kommentare** aangaande hierdie projek te verskaf. Verskaf asseblief u naam, kontakbesonderhede (verkose wyse van kennisgewing), asook 'n aanduiding van

enige direkte besigheid, finansieël, persoonlik of ander belang wat u mag hê in die aansoek tot die kontak persoon hieronder aangedui binne 30 dae vanaf **1 tot 30 Augustus 2016**.

Die Konsep Omvangsbepalings Verslag is in proses om saamgestel te word. Sodra die verslag voltooi is, sal dit beskikbaar wees vir hersiening. Verdermeer, finale datums vir publieke vergaderings moet nog vasgestel word.

Sou u wens om die opkomende vergaderings by te woon, kontak asseblief die persoon hieronder aangedui vir enige verdere inligting. Voltooi asseblief ook die registrasievorm op die volgende bladsy en besorg asseblief dit vir ons terug teen 26 Augustus 2016.

<b>Environmental Assessment Practitioner:</b>	Mokgope Consultants cc
<b>Kontakpersoon:</b>	Ms Judith Fasheun
<b>Posadres:</b>	P O Box 2363, Highlands North, 2037
<b>Kontaknommer:</b>	076 876 2672
<b>Faks:</b>	086 607 9481
<b>E-pos:</b>	judy@mokgope.co.za

# INTERESTED & AFFECTED PARTIES REGISTRATION FORM



**Attention:** Judith Fasheun  
**Tel.:** 076 876 2672  
**Fax:** 086 607 9481  
**Email:** judy@mokgope.co.za

**PROJEK NAAM:**

**Voorgestelde Aggeneis-Paulputs**

**400kV Transmissie Kraglyn en**

**Opgradering van Substasies, Noord Kaap**

49 3rd avenue, Highlands North, 2192,  
 P.O. Box 2363, Highlands North, 2037

**Voltooi asseblief en besorg terug teen 30 Augustus 2016**

Date:			
Name of Organisation			
Name of Interested and Affected Party:			
Postal Address:			
Tel:		Fax:	
E-mail:			
I would like to receive documents for comments as follows:	CD	Written hard copy	Email
I would like to be contacted as follows	Post	Fax	Email
In terms of GNR 982 (EIA process regulations) I disclose below any direct business, financial, personal or other interest that I may have in the approval or refusal of the application: YES OR NO			
COMMENTS (please use separate sheets if you wish)			
I suggest that the following issues of concern be investigated in the EIA:			
I suggest the following for the EIA process and / or the public participation process: Any other comments:			
Please ask the following of my colleagues/friends to register as I&APs for this EIA			
<b>Office Use only</b>	<b>Date Received</b>		
	<b>Status</b>		